Sondag **14 Julie**

**Skrifgedeelte: Psalm 90:10-12 (AFR33/53)**

**Fokusgedeelte: Psalm 90:10-12**

**Leer om elke dag te tel**

Kan dit tog waar wees dat ’n mens se lewe net moeite en verdriet, hartseer en rampe is? Kan dit regtig so wees dat die lewe net een groot smart is waaruit ons nie vry kom nie? Vir so baie gelowiges word hierdie woorde ’n werklikheid. Die uitnemendste en die beste deel van hulle lewe is net swaarkry.

Moses is self iemand wat swaar gedra het aan sy verlede. Hy moes sy volk agterlaat op 40 vanweë ’n moord wat hy gepleeg het. Vir 40 jaar was hy ’n swerwer in die woestyn. So het hy self 80 jaar geword toe die Here hom roep uit die wildernis. Vir die laaste 40 jaar van sy lewe het Moses nog swaarder gedra aan die sorge van God se volk, sodat hy selfs by Here daaroor gekla het. Wie van ons sal uithou met ’n gemiddeld van 400 begrafnisse per dag?

Tog hoor ons hier ’n diepe geloofsvertroue en wyse hart wat God berei het. Daar is geen mens wat God kan beskuldig dat sy lewe ’n straf is nie. Daarvoor het die Seun van God self die straf gedra. Ons vertroosting is juis te vind in ons swaarkry en beproewing.

Daarom moet ons leer om elke dag te tel. Dat ons dae sal tel soos rande in ons beursie. Dat elke kosbare dag ons sal opwek tot wysheid en ’n lewe van Godsvrees. Dan kan ons terugkyk in ons lewe en sien dat die goeie dae die swaar dae was. Die dae toe ons volkome op God vertrou het, dit is die dae waarin Hy ons self bewaar het. Tel jou dae met ’n wyse hart.

*Sing: Psalm 90-1:7, 9*

*Ds. LJE (Lourens) Venter (Centurion)*